

**10 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 48  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 48:2-3**

**Hoe groot is God!**

'n Mens kan vandag van die stad Jerusalem dink: Wat 'n wonderlike stad met 'n ryke geskiedenis! Maar gaan dit in Psalm 48 om die stad self? Daar is tog baie groter en mooier stede in die wêreld. Dit gaan tog daarom dat Jerusalem die stad van die Here is! Dit is die tempelstad waar gelowiges byeengekom het om God te loof en te eer. Dit gaan dus om God. Hy het hierdie aardse stad verkies om daar die wonder van sy genade aan sondaarmense bekend te maak, eers in die tyd van die konings van Israel en later met die koms van dié Koning van die Jode. Daarom het God Hom oor die eeue met hierdie stad bemoei. Ten spyte van die volk en inwoners se sondes, het die Here oor die eeue die stad telkens gered en selfs weer laat opbou. Daarin skitter iets van God se trou oor die geslagte, van God se ewigheid en standvastigheid. Dit laat ons vooruitgryp na die nuwe Jerusalem waarvan die mure nooit sal wankel nie. Daar sal God Self immerteenwoordig wees en geen tempel sal daarom nodig wees nie. Die Here se geskiedenispad met die stad Jerusalem laat ons weer eens beseef hoe groot sy genade is. Hy voer deur wat Hy begin het. Hy bly ewig getrou, ook in elkeen van ons en ons kinders se lewens. Ja, wie is daar soos God!!? Hy voer sy raadsplan in ons lewens uit. Loof en dank en prys Hom daarvoor!

*Sing: Psalm 48:1, 5*

*Dr Jac Howell (Heidelberg)*